





TWEE PERSONE IN GESPREK

„Dit sal maar moeilik gaan, wat sê jy?” skyn sen. Tom Connally van die V.S.A. aan L. S. Maurent (Kanada) te sê. Hulle is lede van die onlangs saamgestelde internasionale komitee wat die beskawing teen die atoombom moet bewaak. Gedurende Mei gaan Amerika op eie houtjie militêre proefnemings met die atoombom op skepe uitvoer in die Stille Oseaan.

Blykbaar Nie So Kaal

„Nederland, Noorweë en Frankryk het geen hulp van Unrra nodig nie, en het aanbiedinge om hulp van die hand gewys”, lui 'n berig van Sapa uit Londen na aanleiding van kritiek wat in die parlement op Unrra uitgeoefen is.

Die lande deur Duitsland beset in die weste is dus glad nie tot so 'n mate geplunder as wat Geallieerde propaganda wou voorgee nie, anders sou hulle sekerlik net so afhanklik van noodhulp gewees het as die gebiede wat deur Rusland „be-vry” is, onder wie Pole aan wie Unrra o.a. die helfte van sy gebied sou moes uitbetaal as dit nie was dat Rusland hom toegelaat het om 'n ooreenkomstige stuk grond van Duitsland te roof nie.

Amptelike Paniek Oor Voedselkrisis

Die publiek voel diep verontrus oor die skynbare paniek wat verlede week plotseling by die regering uitgebreek het oor die voedseltoestand van die Unie 'n paar dae nadat in die parlement die grootskaalse uitvoer van voedsel deur Britse verspreiders nog goed gepraat is.

Die indruk wat posgevat het is dat dit tot die regering op een of ander wyse deurgedring het dat 'n ramp Suid-Afrika voor die deur staan weens 'n algemene tekort aan voedsel.

Met 'n paar uur kennisgewing is die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, mnr. S. F. Watterson, en die Sekretaris van Landbou, dr. C. H. Neveling, per vliegtuig na Londen gestuur om met die Internasionale Voedselraad te gaan onderhandel.

Terselfdertyd is berig dat 'n

Brit met die naam van Saunders per vliegtuig in Kaapstad aangekom het om advies te kom gee oor die uitdeel van voedsel in die Unie — slegs 'n paar dae nadat aangekondig is dat 'n wenk oorweeg word om so'n deskundige uit Europa te kry.

Op dieselfde dag het die voedselkontroleur 'n verbod uitge-

vaardig op die insluiting in oorsese pakkies van sekere voedselsoorte.

'n Paar dae tevore het pres. Truman verklaar dat daar 'n tekort van 5,000,000 ton koring in die wêreld bestaan.

Gevrees word dat die regering in sy blinde ywer om Engeland se rantsoene te vermeerder, geen rekening gehou het met die kosposisie in die Unie en die wêreld nie, en dat hy op 'n late uur plotseling tot ont-nugtering gekom het.

Hulp Aan Duitsers

Amerikaanse Lutherane het die regering van die V.S.A. versoek dat verlot toegestaan word dat hulle hulp verleen aan die noodlydendes in Duitsland. Tot-sover was dit nog verbied.

„Ons moet menslik wees en hulp aan die Duitsers verskaf sodat hulle teen die leer kan opkom. Ons wil die Duitsers nie troetel nie maar die jeug leer om ons te bewonder en nie om ons te haat nie. Jy kan mense nie beïnvloed as jy hulle laat verhonger nie,” het dr. Michelfelder van die Lutheraan-se kerk betoog.

Bevin Beskuldig Kommuniste In Veiligheidsraad

Die eienaardigheid dat die kommunistiese partye dwars-deur die wêreld „toevallig” presies eendersluidende besluite neem oor sake waarin die Russiese regering betrokke is, is een van die opmerkings wat Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake, hom verlede Vrydag laat ontval het in sy verweer teen die Sowjet-aanklag dat die aanwesigheid van Britse troepe in Griekeland nie bevorderlik vir die vrede is nie.

Hy het met nadruk verklaar dat die propaganda van die kommunistiese party in alle lande van die wêreld 'n groot bedreiging vir die vrede uitmaak.

Bevin het aangevoer dat Britse troepe noodsaaklik is weens die bedreiging wat die Griekse kommuniste in daardie land vorm in hul strewe om 'n minderheidsregering aan bewind te kry.

Visjinski het betoog dat daar 'n „wit skrikbewind” in Griekeland heers wat aangehelp word deur „vreemde elemente”. Daar bestaan geen rede vir die aanwesigheid van Britse troepe nie, daar die behoud van die openbare orde 'n huishoudelike saak is wat deur die Grieke self waargeneem moet word.

Bevin het die raad gevra om 'n reguit uitspraak oor die aan-geleentheid te gee, en gesê dat hy bly is dat die Britse rege-ring aangekla is „deur daardie buitengewone organisasie, die Kommunistiese Party”.

„Dit skyn dat die party groot

eensstemmigheid besit om Brit-tanje gelyktydig in alle lande van die wêreld aan te val. Ek weet dat wanneer ek die Rus-siese regering ontevrede stem, ons winkelbediendes wat kom-munisties is, presies dieselfde besluite oor die saak na my stuur,” het Bevin gesê.

Verwysende na die kommu-nistiese bedreiging in Grieke-land het Bevin gesê dat die toestand daar nie dui op 'n noodsaaklikheid om troepe terug te trek nie, maar om meer troepe daarheen te stuur.

Die Griekse verteenwoordiger het verklaar dat sy regering nooit die aanwesigheid van Britse troepe as inmenging be-skou het nie, en dat d't as on-ontbeerlik vir die binnelandse veiligheid beskou word.

REGERING VEROORSAAK VOEDSEL-CHAOS

Terwyl die regering besig is met 'n reuse-veldtog om die Unie te plunder van sy voedsel en dit aan Brittanje te skenk as blyk van dankbaarheid en om die eentonige diët van die Britte te veraangenaam, is Brittanje besig om beskuitjies, marmelade en stroop na die Unie te versend in 'n poging om die mark te behou.

Om beskuitjies, marmelade en stroop te vervaardig moes En-geland suiker vanuit Suid-Afri-ka invoer. Die Unie het nê-minder as 72,378 ton gedurende 1945 aan Brittanje verskaf nie. Dat Engeland kon meeding op die Suid-Afrikaanse mark, moes ons suiker gerantsoeneer word. Intussen moes Suid-Afrikaanse fabrikante hulle besighede sluit omdat die regering nie in staat is om hulle te voorsien van die nodige bestanddele nie en sit arbeiders werkloos. Daar is so-doende gesorg dat die Britse produkte 'n goeie mark in Suid-Afrika sal hê.

UITVOER GESUBSIDIEER

Om Brittanje te voed, het die regering gedurende Sep-tember 4,034 karkasse onder gesubsidieerde pryse na En-geland uitgevoer, waarvoor hy £32,000 aan subsidie be-taal het. Dieselfde beleid is gevolg toe 500,000 pond kaas na Engeland verskeep is. Terwyl Unie-burgers droë brood moes eet, het 50,000 kassies botter van uit Suid-

Afrika in Engeland aange-kom.

Mielies in Suid-Afrika is tans so skaars dat groot hoeveelhede ingevoer moet word, en die na-turelle bevolking word deur hon-gersnood bedreig. Die Unie het verlede jaar byna 140,000 sakke mielies teen 20s. 2d. aan die Britse Protektorate verkoop, terwyl hy gedurende dieselfde tydperk 500,000 ton moes in-voer uit ander dele van Afrika teen 'n veel hoër prys, nl. 25s. per sak. Uit Argentinië is 115,000 ton ingevoer teen 33s. per sak.

BROOD

Die broodposisie van die Unie is tans so benard dat daar spra-

ke is van rantsoenering. In Johannesburg geskied die rant-soenering reeds nie-amptelik terwyl die toestand in Kaapstad sorg baar, omdat persone dik-wels vind dat hulle nie brood kan bekom nie.

Op die oomblik word die kleinhandel in brood gerantsoe-neer tot ongeveer 80 persent van wat hulle in normale tye gekry het. Daar is nou 'n groter aanvraag vir brood omdat nie-blankes nie die nodige mie-liemeel kan bekom nie, en van brood gebruik moet maak.

Optogte deur nie-blanke vroue in Kaapstad wat agiteer vir voedselsoorte soos vleis, rys en suiker, het al in die strate plaasgevind.

Churchill Erken Ban..rotskap

„Geldelik is die Britse volk slegter daaraan toe as enige ander volk,” het Winston Churchill op 'n perskonferensie in Amerika verlede week verklaar. „Selfs die lande wat oorrompel was, is, uit 'n gelde-lyke oogpunt, nie so swaar be-las soos ons nie. Die geld wat ons vra, is 'n lening om tyd te win — tyd om ons te klee, om ons te voed, om ons land te herbou. Ons moet 'n lening hê omdat ons finansies uitgeput is,” het hy verklaar.

Laat almal
U PYP
VERWELKOM

1/6
PER PAKKIE

REMBRANDT TOBACCO CORPORATION
1000 BROADWAY, N.Y.C.

RUS WOEDEND OOR TOESIG VAN VEILIGHEIDSRAAD

'n Hernude poging van die Russiese onderminister van buitelandse sake voor die Veiligheidsraad van die Verenigde Volke om die Persiese (Iraniese) geskil uit die hande van die raad te neem en so die soeklig te vermy op die Russiese bedrywighede, het gemaak dat Bevin, Britse minister van buitelandse sake, hom skerp uitgelaat het teen die Russe. Hy het die

houding van Rusland bestempel as deel van 'n senuwee-oorlog wat bestempel kan word as die begin van aggressie.

Persië het te kenne gegee dat hy gewillig is om regstreekse onderhandelings oor uitstaande punte met Rusland aan te knoop indien daar ten volle verslag aan die Veiligheidsraad oor die samesprekings voorgelê word. Die hoofafgevaardigde van Persië het verklaar dat hy onder geen omstandighede sal toelaat dat die kwessie uit die hande van die Veiligheidsraad geneem word nie.

Wisjinski, die Russiese afge-

vaardigde het verklaar dat hulle gewillig is om met Iran te onderhandel, maar as dit onder die toesig van die Veiligheidsraad gedoen word, sal dit nie strook met sy regering se prestige nie. Hy het die Raad daarop attend gemaak dat die houding van Bevin 'n teken is van wantroue en dat dit samewerking onmoontlik maak.

Daar is uiteindelik besluit dat die saak van regstreekse onderhandelings tussen Persië en die Sowjet in hulle eie hande gelaat word, maar dat die Veiligheidsraad die reg voorbehou om die saak na te sien.

Berig is dat Wisjinski rooi van woede was en met sy vuiste op die tafel geslaan het.

Unie Sorg Vir Protektorate

Bly Egter Brits

In die Britse Laerhuis het die toekoms van die naturelle-protektorate in Suid-Afrika ter sprake gekom toe die saak aangerog is deur een van die Arbeider-lede.

Die vraag is geopper of die Britse regering daarvan bewus is dat die Unie ten gunste is vir die oordra van die beheer van die Protektorate aan die Unie — 'n saak wat genl. Hertzog altyd sterk bepleit het.

Attlee het verduidelik dat die oordra van die beheer oor Zoeloland, Betsjoeanaland en Swaziland aan die Unie, reeds vroeër in gedrang was, maar dat gedurende die afgelope tyd geen aansoek in hierdie verband ontvang is nie.

Inmiddels is berig dat die Unie-regering 140,000 sakke mielies na die protektorate uitgevoer het teen 20s. per sak op 'n tydskop toe meer as 'n miljoen sak mielies uit Argentinië ingevoer moes word teen 33s. per sak.

PROBEER ENGELAND ORENT HOU IN HANDELSOORLOG

Britsgesinde handelaars buite Brittanje openbaar 'n groot besorgdheid oor Engeland se ekonomiese verval en agiteer tans kragdadiglik vir die deurvoering van die Ryksvoorkeerbeleid. By hierdie agitatie het die koloniale produsente van suiker, koffie en tabak hulle nou ook aangesluit.

Die handelsoorlog teen Amerika moet deurgevoer word om Brittanje se verswakte handelsposisie te versterk en om te verhoed dat Engeland van die wêreldmark verdwyn.

„Niks kan die versaking van die beleid, wat Brittanje en die Ryk in staat gestel

het om die oorlog te voer en wat dien as 'n praktiese skakel tussen die verskillende Dominiums, regverdig nie”, het die sekretaris van die Britse Produsente Organisasie verklaar.

KERSGESKENKE

Ook in ons land word hierdie agitatie blindelings deurgevoer en met alle mag aangehits deur die Engelse pers. Voor Kersfees het die Engelse koerante die publiek aangepor om Britse vervaardigde artikels as geskenke te koop en om nie met Amerikaanse produkte tevrede te wees nie.

Die belaglikheid van hierdie „Buy British“-veldtog is sprekend bewys deur die beleid van die Johannesburgse stadsraad wat eerder duurder Engelse fabrikate aangekoop het, as goedkoper en miskien baie beter Amerikaanse produkte.

ASOKOR BEPERK

BELEGGINGSMAATSKAPPY BETROKKE BY DIE VLEIS- EN PRODUKTE-HANDEL EN DIE VEE-NYWERHEID

Direkteure: Prof. L. J. du Plessis, M.A., M.Econ., LL.B., C. C. Kriel, A. Bickel, A. C. Lombard, Gerard Bekker, L.V., Gordon Tomlinson, Sy edele N. C. Havenga, S. P. Bekker, P. J. du Plessis, Jnr., J. J. Ackermann, C. Miles Warren, L.V.

Hoofbestuurder: P. J. Kruger.

KAPITAAL:

4,000 Gewone £25-aandeel	..	..	..	..	£100,000
150,000 Gewone £1-aandeel	..	..	..	..	£150,000
					£250,000

Die 4,000 gewone aandele van £25 elk is reeds ten volle deur die produsente- en verbruikerspubliek opgeneem.

150,000 GEWONE AANDELE VAN £1 ELK WORD NOU AANGEBIED.

1943 — 1944 Diwidend 4%

1944 — 1945 Diwidend 6%

(Omset van filiale vir die afgelope jaar oortref £1,000,000)

DIE MAATSKAPPY SE AANDELE WORD NIE OP DIE BEURS GEKWOTEER NIE.

ASOKOR bied veilige beleggingsmoontlikhede aan, omdat die maatskappy hom slegs met die handel in lewens-noodsaaklikhede bemoei, en wel op 'n non-spekulatiewe basis.

Verkry die prospektus en ander inligting by:

DIE SEKRETARIS,

Asokor Beperk, Posbus 402, Bloemfontein

Noodleniging In Europa

£7,000 INGESAMEL DEUR KAAPLAND

Die Kaaplandse sentrale komitee vir noodleniging in België, Frankryk en Duitsland het reeds £7,174 ingesamel vir hierdie doel, na die sekretaresse, mev. B. Steytler, meegedeel het. Hiervan is £6,231 vir Duitsland bestem volgens die opdrag van die skenkers. Die volgende mooi bydrae is o.m. ontvang: Paarl £1,027, Upington £835, Franschhoek £152, die Reddingsdaadbond-tak, Ladismith, £107, Dordrecht £496, Bonnievale £328, Adelaide £190, Swellendam £186 en Hopetown £132.

Ook is daar baie klere ingesamel, maar die komitee wag nog op geleentheid om dit na Europa te versend. 'n Permit is vir die versending van 'n klein hoeveelheid verkry, maar die grootste gedeelte wag nog op versending.

Die eerste oproep in hierdie verband, is verlede jaar in Augustus gedoen.

(Vervolg van kol. 5)

skou. Albei kunstenaars word begelei deur Gudrun Broedrich.

Kaartjies is behalwe by O.B.-Hoofkwartiere by Uniewinkels, Dippenaar & Reynecke en Schweickardt verkrygbaar.

Musiekkonsert Ten Behoeve Van Europa

Die Vroue-Noodlenigingskomitee vir Stamverwante Lande wil graag onder die aandag van Pretoriase Brandwagte bring dat

Erwin Broedrich (viool).

Babsita Moolman (sopraan), en Gudrun Broedrich (voor die vleuel)

op Dinsdag, 12 Februarie e.k., in die Voortrekkergebedsaal optree ten bate van Noodlyden- de Kinders in Europa.

Erwin Broedrich, die alombekende, skitterende vioolspeler, vroeër konsertmeester van die Hamburgse Kammerspiele, sal Beethoven se beroemde vioolconcerto aanbied en Babsita Moolman, 'n kind van die Kalahari, wat haar sangstudies in 1936 in Berlyn begin en gedurende die oorlog in Swede voltooi het, sing arias uit werke van Mozart, Wagner, Bizet en Verdi. Sy word deur kenners as 'n ware vonds vir die Suid-Afrikaanse musiekwêreld be- (Vervolg in kol. 4)

GENL. SMUTS SNOER PERS SE MOND OOR KOSVRAAGSTUK

'n Geheime konferensie waar die Unie se voedselposisie te berde gebring is, het verlede week in Kaapstad plaasgevind. Dit is belê deur die Eerste Minister op inisiatief van die Minister van Landbou. Al die redakteurs van koerante wat regeringsgesind is, was teenwoordig om instruksies te ontvang hoe hulle hulle moet uitslaan oor die voedselposisie van die Unie.

Die regering is blykbaar baie gevoelig vir kritiek op die warboel wat hy van die voedsel-

reëlins gemaak het, en die hulp van die pers word nou ingeroep om die ontevredenheid te probeer sus.

Aan die redakteurs is 'n beleid voorgeskryf waarvolgens hulle moet handel as dit die voedselposisie raak. Dit sluit gewone berigte en hoofartikels in.

Hierdie optrede is natuurlik heeltemal in stryd met wat demokrate verstaan onder die idee van 'n vrye pers wat die gevoelens van die „volk“ behoort te vertolk.

Korrespondente Gevra

'n Dringende beroep word op kommando's gedoen om ten nouste saam te werk met die redaksie van Die O.B. teneinde die hoogste nut en bevrediging uit ons lyfblad te haal.

Elke vroue- en mannekommando-eenheid moet sorg vir die aanstelling van 'n korrespondent wat gereeld die redaksie op hoogte sal hou: (i) van die kommando-aktiwiteite; (ii) van die bedrywighede van plaaslike en besoekende offisiere; en (iii) van plaaslike nuus van algemene belang.

Die verantwoordelike offisiere moet toesien dat sodanige korrespondent aangestel word en dat sy naam en adres aan die redakteur verstrekk word.

Daar is 'n akuele en prysenswaardige begeerte by lesers van Die O.B. om te verneem van die aktiwiteite van hul mede-kommando's in alle dele van die land sowel as om te lees van die bedrywighede van plaaslike en besoekende offisiere. Hierdie begeerte kan alleen

bevredig word as kommando-korrespondente gereeld die aktiwiteite van hul eenhede en die bedrywighede van offisiere by die redakteur aanmeld.

Laat offisiere dadelik aandag aan hierdie saak skenk en laat elke kommando die saak aanvoer deur toe te sien dat sy korrespondent die ophandesynde Amajubadagvierings behoorlik rapporteer.

'n Ander saak waaraan kommando's en verantwoordelike offisiere nougesette aandag moet skenk is die verspreiding van Die O.B. Offisiere en brandwagte is in staat om die reeds uitgebreide leserskring van Die O.B. nog aansienlik te vergroot en dit is 'n dure plig wat onder geen omstandighede verwaarloos moet word nie.

Intekengeld op Die O.B. is 10/- per jaar en 5/- per halfjaar. Dan word die blad gereeld per pos aangestuur word.

Berigte moet gestuur word aan Die Redakteur, Die O.B. en navrae en intekengelde aan Die Bestuurder, Voorslag (Edms.) Bpk., albei van die Groote Kerkgebou 703, (Posbus 1411), Kaapstad.

VRYHEIDSDAGVIERING

Program vir 27 Feb.

Vryheidsdag (Amajuba-geloftedag) word op 27 Februarie soos voorheen herdenk.

Hieronder verskyn 'n leidraad vir 'n program wat die aand uitgevoer moet word. (Let Wel.—Inplaas van die kantate voor te dra of 'n geskiedkundige oorsig te lees, mag 'n toepaslike en stigtelike rede (toespraak) gehou word.)

Daar word vanjaar geen vasgestelde tyd aangegee vir die afhandeling van gegewe dele van die program nie, aangesien dit in die verlede gevind is dat sommige eenhede 'n langer en ander 'n korter tyd nodig het. Slegs moet gesorg word dat die vuur presies om 9-uur aangesteek word, soos hieronder aangedui.

Die program vir die viering na die kommando-byeenkoms is as volg:

1. Die plegtighedsverrigting begin die aand wanneer die offisier-in-bevel die fluitjie blaas en die aanwesiges aantree by die hout-stapel, wat later aan die brand gesteeke word.

Die verrigtinge begin met Skriflesing (b.v. Psalm 145), gevolg deur die sing van 'n gepaste gesang of Psalm (b.v. Ps. 84 vers 6), en kort gebed.

(2) Die Boodschap van die Kommandant-Generaal word voorgelees. (Dit sal later voorsien word.)

(3) Toespraak deur offisier of aangewese spreker; of Voorlesing van die kantate, 'n gepaste stuk of voorgeskrewe lesing.

(As daar nog tyd oor is word gewyde liederen en/of nasionale liederen gesing.)

(4) Vlamme (intussen in gereedheid gebring) wat die vryheidsvuur moet aansteek, word deur lede van die Boerejeug met fakkels aangebring en aan die offisier-in-bevel oorhandig onder die sing van Ps. 146 vs. 3.

(5) 9-uur (presies): Die offisier gee die teken deur 'n fluitjie te blaas, steek die vuur aan en die ander fakkeldraers volg sy voorbeeld.

Die aanwesiges sing die Lied van Jong Suid-Afrika, verse 1 en 4, wat hier afgedruk word vir die gerief van brandwagte:

En hoor jy die magtige dreuning?

Oor die veld kom dit wyd gesweef.

Die lied van 'n volk se ontwaaking.

Wat harte laat sidder en beef.

Van Kaapland tot bo in die Noorde.

Rys dawerend luid die akkoorde:

Dit is die Lied van Jong Suid-Afrika.

(laaste reël drie keer herhaal)

Die golvende veld is ons woning.

En ons dak is die hemelblou;

Die Vryheid alleen is ons koning.

Sy wagwoord is: „Handhaaf en Bou”.

Die stryd wat ons vaders begin het.

Sal woed tot ons sterf of gewin het.

Dit is die Eed van Jong Suid-Afrika.

(drie keer herhaal)

(6) Die Vryheidsvuur brand nou deur die lengte en breedte van ons land. Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en roep almal tot aandag en op saluut. Hulle bly staan op saluut vir drie minute in stille bepeinsing in die vuur te tuur.

(7) Die fluitjie blaas om die saluut te beëindig en die offisier-in-bevel lees op plegtige wyse die Vryheidsverklaring en Gelofte soos deur die Grootraad opgestel, nl.:

By geleentheid van Vryheidsdag moet vanjaar voorsiening gemaak word vir 'n kommando-vergadering voorafgaande die program. Op hierdie geslote kommando-byeenkoms wat op die namiddag of die aand voor die viering gehou kan word, moet offisiere rapport doen aangaande besluite van die Uniale Laertrekke Bloemfontein. Belangrike aankondigings aangaande die samestelling van die Ossewabrandwag-organisasie en die aanwysing van offisiere sal ook dan gedoen moet word. Alleen ingeskrewe lede van die kommando mag hierdie ooreenstemming van verslae bywoon terwyl die Vryheidsdag-viering daarna vir alle goedgesindes opgestel word.

DIE GELOFTE

„Oomblikke van groot gevaar en groot onsekerheid oor die toekoms het meermale in ons volksgeskiedenis voorgekom. So was dit die aand voor Bloedrivier se slag en so was dit in die oggendskemerig voor Amajuba. So is dit ook vandag, in die begin van 1946.

„Soos ons vaders destyds in vertroue op God, vol moed en offervaardigheid, die stryd aangebind het, desnoods tot in die dood toe, so wil ook ons sonder vrees of blaam ons plig doen. Ons ken net een aardse trou en net een liefde — Die Republiek van Suid-Afrika.

„As ons die stryd gewonne gee, is die Vryheidsvlam van Amajuba geblus. En as die regbank van die geskiedenis, wat hoër staan as die regbank van die Empire, eendag vra waarom die Vryheidsvlam geblus is, sal dit gaardie vraag aan ons geslag stel. Aan die Ossewabrandwag sal daardie vraag deur die geskiedenis gestel word, want die Ossewabrandwag is die fakkeldraer van die Republiek.

„Ons gaan so optree dat ons daardie vraag voor die regbank van die geskiedenis kan antwoord sonder vrees of blaam.

„Man en vrou en kind gaan ons die Republiek dien, in ons huise, in ons samekomste, in ons werk, in ons vryhede en in ons gevangenis.

„Ons het in die Ossewabrandwag die eed gesweer dat ons ons mede-Afrikaner nie in die steek sal laat nie en hom nie aan die vyand sal uitlewer nie. En daardie eed gaan ons waaragtiglik hou. Een vir almal, almal vir elkeen. Ons erken nie net broederskap, maar ook hoederskap, en ons stry uit liefde, nie uit haat nie.

„Dieselfde God wat in 1838 en 1881 die Vryheidsideaal laat seëvier het, sal ook met genade neersien op ons van 1946, wat die stryd van ons vaders wil voortsit.

„Daarom doen ons nou, gesamentlik en afsonderlik, die

plegtige gelofte dat ons die stryd vir die onafhanklike Republiek nie sal staak nie en nie in die steek sal laat nie.

„Waar ons vaders dit met wapengeweld gedien het, sal ons dit dien met toewyding en desnoods met lyding, na ons beste vermoë.


„Ons sal sterk wees en vol moed, want die Here onse God is met ons, oral waar ons gaan.

„Die vlam brand nou dwarsdeur die land en ons is met ons broers en susters elders in een groot band saamgesnoer. Amajuba is die simbool van ons Vryheid; Amajuba-berg staan op ons wapen. Amajuba-vlam bly Vryheidsvlam!”

(8) Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en die offisier (hoogste in rang) tree na vore, ordelik gevolg deur die aanwesiges, een agter-die-ander, en elkeen werp sy stukkies hout op die vuur as teken van die aanvaarding van die verklaring en gelofte.

Sodra dit klaar is marsjeer almal een agter die ander agter die offisier aan verby die kisse wat onder die sorg van twee onderoffisiere in gereedheid geplaas is en plaas hul offers (bydraes) daarin.

Waar 'n viering binnehuis plaasvind word aanbeveel dat, aangesien dit onmoontlik is om hout te laat werp op 'n brandende vuur, dit gereël moet word dat die aanwesiges hul bydraes met die verbymarsjeer



voor 'n brandende fakkel wat om 9-uur aangesteek word, stort in 'n kisse wat by die fakkel geplaas word.

Die aanwesiges tree weer aan en sing die laaste vers van Die Stem:

Op U almag vas vertrouend het ons vaders gebou.

Skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te bou—

Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly:

Knegte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry.

Soos ons vaders vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer;

Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer.

Hierdie deel van die verrigtinge sal nou gesluit word met gebed.

Joodse Uittog Na Palestina

VLUG UIT OOS-EUROPA

Volgens 'n United Press-berig vlug Oos-Europese Jode tans uit Weenen en die Amerikaanse besettingsgebied van Oostenryk met die medewete van die besettingsowerheid. Hierdie Jode hoop om deur een of ander omweg na Palestina verskeep te word.

Bostaande feit word geopenbaar deur 'n verslag van die Amerikaanse leërowerheid.

Die vlug geskied gedurende die nag en hulle word gehelp deur die Amerikaanse amptenare. Die owerheid het sy goedkeuring geheg aan die uittog van die Jode.

Die Amerikaanse besettingsgebied van Oostenryk is tans

YWERIGE KOMMANDANT

Komdt. J. P. J. de Bruin, P.K. Wilgerivier, oor Vaalwater, wat kort gelede die bevel oor kommando F2a2 oorneem het, het somer dadelik skouer aan die wiel gesit en ten spyte van 'n uitgestrekte gebied die agterstallige intekengeld op Die O.B. in sy kommando ingevorder. 'n Paar dae gelede kon hy dus die bedrag van £16 5s. aan Voorslag (Edms.) Bpk. stuur om daarmee die rekening van sy kommando tot op datum ten volle te betaal. Sy kommando het 82 intekenare op Die O.B.

As in aanmerking geneem word dat Noord-Transvaal tot onlangs deur 'n strawwe en ongekende droogte geteister is, dan dien hierdie pligsgetrouheid van kommando F2a2 as voorbeeld vir kommando's wat in beter omstandighede verkeer.

die vergaderplek van die vlugteling-Jode uit Pole. Hiervandaan vlug hulle oor die grens na Italië om deur te glip na die Heilige land as hulle die Britse owerheid daar om die bos kan lei en teen die bevel van die owerheid die land binne gaan.

In Pole word daar tans deur Sionistiese groepe georganiseer vir 'n massa-uittog van Jode uit die land na Palestina.

Toe genl. Morgan, hoof van Unrra in Duitsland onlangs dieselfde bewering gedoen het, is hy teruggedreë na Amerika. Verlede week is berig dat hy eger herstel is in sy posisie en onderweg terug is na Duitsland.

Die Britse regering sal voortaan 1,500 Jode per maand in Palestina toelaat, het die Britse Hoë Kommissaris in Jerusalem aan die Arabiese Komitee bekend gemaak. Die Arabiere het sterk protes teen die voorneme gemaak.

Op 'n konferensie van „Verenigde Jode van Duitsland” wat in München gehou is, het hulle Brittanje daarvan beskuldig dat hy 'n „ghetto” oprig en die Britse vloot en lugmag stuur om jag te maak op Jode in Palestina, berig Sapa-United Press. Gurion, van die Palestyns-Joodse Agentskap, het verklaar dat Jode voortdurend die land binne gesmokkel word en dat daar drie nuwe agentskappe in verbode gebiede gestig is.

Ons Gee Nog Steeds Leiding!
S.A. GRAFSTEEN- EN MONUMENTWERKE
(E.IENS.) BPK.
Voortrekkerweg, MAITLAND.

ROELOU BARRY

(EDMS.) BPK.

GARAGES EN HANDELAARS

Vir Diens te:

Robertson — Montagu

Ashton — Bonnievale

Koebergweg, Brooklyn

Kaapstad — Laingsburg

Paarl Monumentale-Werke
(E.IEN.) BPK.
Posbus 220 — Bredastraat
PAARL (K.P.)

SKRYWE DIREK OM ONS
NUUTSTE KATALOGUS

Direkteure:

L. A. B. Bohlman — M. Bohlman
Gevestig 1898

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik,
weekliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

SKILFERS



MOENIE

U AANTREKLIKHEID
BEDERF NIE

Raak ontslae van daardie
lastige skilfers deur
middel van

VOORSLAG-

SKILFERMIDDEL

4/- Posvry van

VOORTREKKER-APTEEK
Kerkdaan — Kaapstad (1)

en MAITLANDSTRAAT,
BLOEMFONTEIN

DIE O.B., WOENSDAG, 6 FEBRUARIE 1946.

VIR VREEMDES

Daar sal baie min mense in Suid-Afrika wees wat sal waag om te ontken dat die huidige partybewind groter loyaliteit vir die Britse bevolking het as vir die inwoners van sy eie land. Wanneer die radio in sy nuusuitsending 'n oproep van die Eerste Minister aankondig waarin hy die volk aanspoor om „grenselose dankbaarheid” te openbaar by die stuur van voedsel na Engeland, terwyl 'n berig wat in dieselfde uitsending volg, meld dat natuurlike van die Unie besig is om van honger om te kom, soos onlangs gebeur het, kan geen argument 'n sterker bewys aanvoer dat die regering van Suid-Afrika verantwoordelikheid teenoor die inwoners van die land skromelik op die agtergrond skuive ten behoeve van 'n vreemde volk nie.

Dit het dan ook aan die lig gekom dat die huidige bewind verlede jaar in 'n tyd van groot skaarste vleis en suiwelprodukte na Engeland verskeep het teen 'n erg verminderde prys. Hongersnood in ons land is dus eintlik deur ons regering gesubsidieer! In ooreenstemming met hierdie vreemde loyaliteit het die Unie aan die Britse Protektorate, waaroor die Unie weens sy „hardvogtigheid” teenoor die natuurlike geen seggenskap mag ontvang nie, 140.000 sakke mielies uitgevoer teen 20s. per sak, terwyl die Unie se behoeftes aangevul moes word met etlike miljoene sak uit die buiteland teen selfs soveel as 33s. per sak. In belang van Engeland is dit ook nodig dat die Unie-burger 'n jaar na beëindiging van die Europese oorlog nog nie verder as 300 myl per maand met sy motor mag ry nie.

DEMOKRATIESE REGTE

Die volk van Suid-Afrika het dus skitterend daarin geslaag om sy demokratiese regte so te gebruik dat dit vir die Britse volk 'n regering in Suid-Afrika aan bewind het wat die septer swaai oor 'n ontevrede dog weerlose bevolking.

Die huidige toestand is nie 'n besoldiging van ons volk se verkeerde keuse nie, maar dit is die knelling van 'n vreemde politieke stelsel wat vereis dat daar voortdurende wisseling van bewind tussen twee teenoorgestelde rigtings moet wees. En waar volksliefde en buitelandse loyaliteit vanselfsprekend die grootste strydpunt in 'n land soos Suid-Afrika oplewer, sal ons dit maar as 'n noodwendigheid moet aanvaar dat daar elke tien jaar of selfs korter 'n party aan bewind sal kom wat die vrug van ons land sal uitlewer aan vreemdes. Die Smuts-episode sal hom keer op keer weer herhaal totdat ons volk geleer het dat hy by die Britse parlementêre stelsel sal moet begin opruim as hy Suid-Afrika se belange deur 'n Suid-Afrikaanse bewind wil laat behartig.

Bring Iets Nuuts

In die — om genl. Smuts se eie woord te gebruik — „grenselose” uitlewering van Suid-Afrika se welvaart aan Britse belange staan ons volk vandag voor die plig om die huidige bewind met sy uitlandse loyaliteit omver te werp. Dit is 'n behoefte van die siel. Om dit te doen binne die raamwerk van die Britse parlementêre stelsel mag vir 'n aantal jare verligting bring, maar so gewis as wat genl. Smuts in 1932 weer aan die opkom was as opposisieparty van Sy Majesteit, so gewis sal die opkoms wees van sy Empire-party oor 'n tiental jare verder. Dit sal slegs verademing wees.

En hoewel 'n groot deel van die volk in die huidige omstandighede gretig mag wees om so 'n tydelike verademing te ondergaan, behoort dit die taak van die huidige geslag te wees om 'n herhaling van die Smuts-episode vir goed uit te skakel. Dit kan nie bereik word deur 'n enge partystryd wat slegs daarin kan slaag om genl. Smuts en dr. Malan vir 'n aantal jare met plekke te laat wissel in die parlement nie — en met die huidige isolasiebeleid van laasgenoemde is selfs dit nie eens moontlik nie. Dit kan net op een wyse bewerkstellig word, naamlik deur die vervanging van die Britse parlementêre stelsel, met sy grondslag van volksverdeeldheid en onderlinge stryd, deur 'n eenheidstaats wat sal berus op die beginsel van samewerking — die invoering van 'n volksverteenvoordingstelsel, gebaseer op die natuurlike en noodsaaklike groepe in die volk in plaas van kunsmatige politieke partye wat hulle tussen die volk en sy verteenwoordiging opdring, en waardeur dit moontlik word vir 'n vyfdekolonne van 'n vreemde land om met amptelike gesag bekleed te word.

Hier toe is nodig dat dr. Malan sy politieke stryd verbreed sodat alle ontevrede groepe — ook sy eie bloed wat tans deur hom verstoot word — 'n volksfront vorm teen die Empire-dienaars. So 'n volksfront, wat dus 'n volksaanslag op die Smutsparty sal wees, en nie 'n verkrimpte party-kragmeting nie, sal die grondslag lê vir die samewerking wat nodig is om die Britse parlementêre stelsel te vervang deur 'n eg Afrikaanse staatsvorm — partyloos en volksversorgend soos die ou Republiek.

(Alle politieke berigte en kommentaar in hierdie uitgawe is opgestel deur N. G. S. van der Walt, Groote Kerkgebou 703, Kaapstad).

'n Deurmekaar Spul Almeer Deurmekaar

Na die geweldigste vernietigingsoorlog wat die wêreld ooit geken het, word daar reeds geruime tyd aan weerbou en rekonstruksie getimmer. Dit lê voor die hand dat hierdie weerbouwerk uiters moeilik is en baie, baie hoë eise aan die bouliede stel. Dit is immers altyd veel makliker om 'n vernietigende brand te stig, as om daardie brand te blus. Die geskiedenis lewer voorbeelde in oorvloed van hoe maklik dit is om oorlogsdoldheid te ontken en hoe uiters swaar dit gaan om die oorlogsduiwel weer aan bande te lê en uit die asse van oorlogsvernietiging op nuwe fundamente stewig voort te bou.

WILDE, BUITENSPORIGE BELOFTES

Weerbou na die jongste Wêreldoorlog is veral moeilik met die oog op die massaproduksie van wilde, buitensporige beloftes wat die oorlogspropaganda op die mark gestoot het en die hoë verwagtinge wat as gevolg daarvan ontstaan het. Wie onthou nie die paradyswêreld nie wat in die vooruitsig gestel is sodra die gehate Nasionaal-sosialisme en Fascisme uitgeroei is? Die nuwe wêreld wat uit die asse van die oue gaan verrys, so is aan ons be-

Prof. dr. J. A. Wiid van Stellenbosch is die skrywer van die buitelandse oorsig wat voortaan weer gereeld in Die O.B. sal verskyn.

loof, sal geen skrikbarende vrese ken nie, maar alleen gelukbrengende demokratiese vryhede; allerhande regeringsplanne ter bestryding van die menigte sosiale euwels het reeds die lig gesien; nasionale nawayer en konkurrensie sou plek maak vir internasionale liefde en samewerking, al is dit nou ook onder die voogdyskap van twee of drie of vyf Grotes; volbelaaide skepe sou reeds in Amerika gereed lê met voorrade om die hongerende en bibberende slagoffers van die oorlog te voed, te kleed en te versorg; vir terugkerende gedemobiliseerde soldate sou geen sorg nie, maar alleen voorspoed en geluk in die gesig gestaar het. Die „magte van die lig” sou die „magte van die duisternis” vernietig en „vrede sou op aarde heers”.

EN DIE WERKLIKHEID?

Wat het van al hierdie beloftes geword? Het die paradyswêreld wat met soveel krag in die vooruitsig gestel is, werklikheid geword? Dit is nie moeilik om hierdie vrae te beantwoord nie. Die oorsese berigte in een van ons nuusblaai op een enkele dag kan die antwoord verstrek. En as die oorsese berigte nie die volledige antwoord gee nie, lees dan maar die binnelandse nuusberigte of voel aan eie lyf hoe die oorlogsbloefte besig is om in rook op te gaan.

So verneem ons van die geweldige arbeidskrisis in die Verenigde State van Amerika — die grootste van sy soort in die geskiedenis van hierdie „God's own country” — waarby die basiese staalbedryf deur die staking van 750.000 werkers langeslaan is en waarop verdere nywerheidsontwrigting reeds gevolg het of nog sal volg as 'n oplossing nie weldra gevind word nie; voorts verneem ons van belangebotsings tussen Britte en Russe oor die bevoegdhede en funksies van die Algemene Vergadering en die

Algemene Raad van die Verenigde Volke, terwyl strategies-belangrike lande soos Iran en Griekeland dreig om krisissegebiede te word wat internasionale samewerking uiters nadelig kan beïnvloed; ons verneem verder van gistings in Palestina en Indië waar die Britte se magposisie in die gedrang is.

WEDERKERIGE AGTERDOG EN WANTROUE IN LONDEN EN MOSKOU

Die internasionale verhoudings van vandag staan sonder twyfel in die teken van Angel-Saksiese agterdog en wantroue teenoor Sowjet-Rusland en omgekeerd. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat die V.S.A., in die gedrang van sy nywerheidskrisisse, hom meer en meer uit Europese aangeleenthede kan terugtrek en die leiding van die opposisie teen die Russe aan die Britte sal oorlaat. Die woordeskermselinge in die jongste tyd tussen Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake en Wisjinski, Russiese onderminister van buitelandse sake, skyn in hierdie rigting te wys. Dit is nie moeilik om te voorspel wat gaan gebeur indien die V.S.A., moeg en sat van die oorlog in Europa, wat vir die gewone Amerikaanse tog maar 'n buitelandse affêre was, en al sy aandag in beslag geneem deur die huishoudelike arbeidskrisisse, hom uit die Europese wespenes terugtrek soos na die eerste Wêreldoorlog. Sonder Amerikaanse steun is Brittanje veels te swak om kragdadig teen 'n veeleisende Rusland op te tree. Dit weet die Russe ook. Minister Bevin mag dus af en toe kragtige woorde teen Moskou gebruik, maar hierdie woorde word gewoonlik deur uiteindelijke Britse toegewing aan Russiese eise gevolg.

VOORBEELDE VAN BRITSE SWAKHEID EN BRITSE ARROGANSIE

'n Interessante voorval wat Britse „makheid” aandui, het onlangs in die Britse Laerhuis plaasgevind. Op 'n vraag van 'n lid aan minister Noel Baker — let wel Baker is minister sonder portefeulje — of hy van plan is om verhoë tot die Russiese regering te rig met die oog op die spoedige verwydering van Russiese magte uit die Deense eiland Bornholm, het die minister geantwoord dat hy dit beskou as 'n saak vir regstreekse onderhandeling tussen die Deense en Russiese regerings. Nou staan dit vas dat die eiland Bornholm, aan die ingang tot

Buitelandse Oorsig

die Oossee, vir die Skandinawiese lande en ook vir Brittanje van oneindig groter strategiese belang is as die Danzig van 1939. Ook staan dit vas dat Denemarke en ander Skandinawiese lande „ernstig verontrus” is oor die Russiese besetting van hierdie eiland en dat die swak Denemarke, net soos ander klein lande, weinig kans op sukses deur „regstreekse onderhandeling” met Moskou het. As die Brittanje van 1939 maar net destyds aan die Pole ook die raad gegee het dat hy (Brittanje) Danzig as 'n saak vir regstreekse onderhandeling tussen die Poolse en Duitse regerings beskou, dan sou 'n wêreldoorlog miskien vermy gewees het en Londen teenoor Rusland vandag in 'n sterker posisie gestaan het.

Met die oog op moontlike Amerikaanse terugtrekking uit Europa, Russiese oppermatigheid en voortdringing in Wes-Europa en Britse swakheid, lê dit voor die hand dat Wes-Europese samewerking 'n dringende noodsaaklikheid geword het. Dit is ook 'n gedagte wat veldm. Smuts reeds tydens die oorlog in sy bekende ontplofbare rede uitgespreek het. Brits-Franse samewerking wat vir die vorming van so'n Wes-Europese kombinasie 'n noodsaaklike voorwaarde is, het egter sedert die Franse ineenstorting van 1940 menige skok beleef. Britse arrogansie en Franse oorgevoeligheid het meer dan eens vertroebeland gewerk. 'n Voorbeeld van eersgenoemde is 'n toespraak van Churchill van 10 Desember 1942, wat onlangs bekend gemaak is. Hierdie Brit wat altyd as sterk Fransgesind gegeld het, het nl. in verband met die Franse en hul „eienaardige soort mentaliteit” die volgende gesê: „Dit het die Almagtige God in Sy Oneindige Wysheid nie behaag om die Fransman na die beeld van die Engelsman te skep nie”.

Swak en tog arrogant! Voorwaar 'n deurmekaarwêreld wat voortdurend dreig om meer deurmekaar te word!

BAIE SUIKER UITGEVOER

Gedurende die seisoene 1944-'45 en 1945-'46 het die Unie 117.438 ton en 72.378 ton suiker onderskeidelik uitgevoer na die buiteland, het die Minister in die parlement verduidelik. Die suiker-oesjaar strek van 1 Mei tot 30 April.

Sedert Januarie 1945 is 500.000 ton mielies ingevoer uit verskeie wêrelddele. Die koste per sak het gewissel van 25/- tot 33/-.

PROGRAM VAN K.G.-BESOEK IN GENERAALSKAP F5

- 11 Febr.: Vergadering Rooiberg (tyd word later bepaal).
- 12 Febr.: Vergadering en Kommando-funksie, Ysterpan-Sentrum, 11-uur v.m.
- 13 Febr.: Vergadering en Kommando-funksie, Cumberland, 11-uur v.m.
- 14 Febr.: Vergadering en Kommando-funksie, Faure, Makoppa, 11-uur v.m.
- 15 Febr.: Vergadering en Kommando-funksie, Noord-Brabant, Dwaalboom, 11-uur v.m.
- 16 Febr.: Vergadering en Kommando-funksie, Koedoeskop, 11-uur v.m.

ALLE AANGRENSENDE KOMMANDO'S WORD UITGENOOI.

Uit die Kolomme van die Engelse Pers

Genoeg Kos — Dog Waarheen?

Terwyl die Europese bevolking uitsterf as gevolg van honger, „het Denemarke, die vleisreserwe van Europa, 'n vleissurplus van nie minder as sewe miljoen ton nie, en hulle kan niemand vind wat dit wil koop nie,” skryf 'n spesiale korrespondent van die blad Forward in 'n artikel.

„Hulle het die vleis aan Swede gebied — wat genoeg kos het — maar Swede het die aanbod van die hand gewys as gevolg van die hoë prys. Nou wonder die Dene wat hulle met die vleis gaan maak. Hulle kan dit na Duitsland stuur wat bereid is om daarvoor te betaal, maar wie sal vir die rekening verantwoordelik wees?” is die vraag wat hulle beantwoord wil hê, skryf die korrespondent.

„Intussen sal geen kind in Duitsland, en baie min in Sentrale Europa wat onder twaalf jaar is, lewendig u. die winter kom: hulle is maar enkeles uit die baie duisendes wat van honger sal omkom indien daar nie iets gedoen word nie. Daarom kan Unrra nie die volle produktiewe kapasiteit van die lande wat so na aan die gevaarstrum lê, ten volle mobiliseer nie?” vra die blad.

TROU AAN RUSLAND

Inkululeko, orgaan van die kommunistiese party in Suid-Afrika, skryf dat „die sekretariaat van die kommunistiese party in Johannesburg 'n verklaring uitgereik het waarin die voorstel dat Suidwes-Afrika by die Unie ingelyf word, sterk veroordeel word. Die kommuniste verklaar dat „nie-blankes, oral op die vasteland van Afrika die naturelle-beleid van Suid-Afrika haat en vrees”. Die 300.000 nie-blankes in die mandaat-gebied wil nie die Unie-regering van die paswette en die polisie wa hê nie. As 'n verligte internasionale gesag die gebied administreer, behoort dit aan Suid-Afrika 'n voorbeeld te stel vir die verkryging van rasse-harmonie, gebaseer op gelyke regte en geleenthede vir almal.”

Lesers sal onthou dat die

Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



Hfkomdt. C. H. BADENHORST
Geïnterneer te Koffiefontein
op 24 April 1942 en losgelaat
op 21 September 1943.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die steek laat nie en hom nie aan die vyand uitlewer nie.”

„verligte internasionale gesag” aan wie die gebied moet opgedra word, ook o.a. kommunistiese Rusland sal insluit.

KWAAI KOMMUNIS- TIESE AANVAL OP KERK

„Het jou vyande lief.” Die Nederduits-Gereformeerde Kerke in die Unie het 'n fonds gestig vir die leniging van nood onder die Duitsers. Hierdie liefdadige onderneming sal minder snaaks lyk as die Kerke in die verlede ook fondse gestig het vir die leniging van nood onder die volke van Holland, Frankryk, die Sowjet-Unie en Brittanje.

„Het jou vyande lief, maar nie jou vriende nie” — dit is die nuwe leuse van die Nederduitse Gereformeerde Kerkleiers.

„Wat 'n Kerk! Watter leiers!”

So skryf die Kaapstadse kommunistiese blad Guardian in 'n inleidingsartikel.

MALAN SLAAN SWAK FIGUUR

„Dr. Malan het die kans van sy lewe gehad maar hy het dit nie gebruik nie. Ek het hom nog nooit 'n swakker figuur sien slaan nie. Hy het al die wapens tot sy beskikking gehad, maar hy het dit nie hanteer nie.” So skryf Duncan Burnside, Arbeider L.V., oor die

wantroue-debat wat in die Volksraad gevoer was, in die blad Burnside's Weekly.

„Die Regering is geweldig onpopulêr. Voedsel, behuising, belasting is almal vraagstukke waarop 'n slim redenaar of politikus of 'n staatsman wat werklik belangstel in die welvaart van die volk, 'n sterk saak kan opgebou het. Die leier van die opposisie het nie daarin geslaag om voordeel te haal uit hierdie kans nie en generaal Smuts se taak van verantwoording was gevolglik betreklik maklik.”

„Dit word duidelik,” sê mnr. Burnside voorts, „dat die H.N.P. nooit hul doel (om aan bewind te kom) kan bereik onder die leierskap van dr. Malan nie. Die lid vir Piketberg is miskien nog populêr, maar hy besit nie daardie vuur en geesdrif wat onmisbaar is by 'n politieke leier nie.”

Daar is duidelike tekens dat sommige van sy jonger aanhangers op soek is na leierskap van 'n meer lewenslustige aard.”

DUITSE FABRIEKE GESLOOP

Van die 42 vernaamste I. G. Farben-industrie-fabriek in die Amerikaanse besettingsgebied in Duitsland is 22 reeds of verwoes of gesloop of vir oorlogskadevergoeding beskikbaar verklaar, volgens brig. William H. Draper, hoof van die Amerikaanse militêre regering.

Die Amerikaanse amptenare het die nitreertorings van die I. G. Farben-industrie-fabriek in Mûldorf, wat 18.000.000 dollar gekos het, opgeblaas.

Simpatie Vir Duitsers — Haat vir Britte

SAKEMAN OOR V.S.A.

Die Amerikaners sien in die na-oorlogse kommunistiese Rusland 'n groter onheil as wat die voor-oorlogse Nazi-Duitsland ooit was . . .

Die deursnee Amerikaner kan die Britte eenvoudig nie veel nie.

Die Amerikaanse produksieproses is hoogs doeltreffend en beslis beter as dié van enige van sy handelsmededingers.

Dit is 'n paar van die interessante menings ten opsigte van die V.S.A. wat 'n Kaapstadse sakeman, wat so pas teruggekeer het van 'n handelsbesoek aan daardie groot land, uitgespreek het aan 'n verteenwoordiger van Die O.B. wat hom om sy indrukke gaan vra het.

Mens kom tot die gevolgtrekking dat handelaars vanuit alle wêrelddele Amerika oorrampel in pogings om handelsware te bekom. In die groot handelstede tref mens sakemanne aan uit alle Europese en byna alle nie-Europese lande — almal ewe begerig om voorrade aan te koop, het hy verklaar.

SAL WEN

Ons segsman is die mening toegedaan dat Amerika fluitfluit die slag om swaar masjinerie in die handelsoorlog met Engeland sal wen. 'n Stremende faktor is natuurlik die heersende arbeidsgeskille wat betyds opgelos moet word. Ten opsigte van die tekstielnywerheid het die Britte meer onderverinding as die Amerikaners, en laasgenoemde sal ten aansien van hierdie bedryf kwaai mededinging van die Britte ondervind.

Die stakings in die V.S.A. sal

aflewing van masjinerie en landbougereedskap in S.A. baie bemoeilik en onvermydelik vertraag.

By Amerikaanse sakemanne is daar belangstelling in die Suid-Afrikaanse mark en pogings om 'n afset in ons land te verkry word derhalwe aangewend.

STUKWERK

Gedurende sy besoek aan verskeie groot swaarbedryf-fabriek is hy getref deur die vlugheid en die hoë mate van doeltreffendheid waarmee die arbeiders hul werk verrig. Hy skryf dit toe aan die stukwerk-beginsel waarvolgens die arbeiders betaal word vir die hoeveelheid werk wat hulle lewer en nie vir die aantal ure wat hulle werk nie. Ons in S.A. sal nooit met ander lande kan konkurrer nie indien ons nie die stukwerk-beginsel aanvaar en die besoldiging - per - uur - beginsel oorhoord gooi nie, is sy mening.

Ons segsman verklaar dat die verhouding tussen werkgewer en werknemer een van die moeilikste probleme is waarmee die Amerikaanse regering in 1946 te kampe sal hê.

Die vakbondorganisasies waarin die werkers saamge-

snoer is, het buitengewone opgang gedurende die oorlogsjare gemaak en is vandag in staat om groot invloed uit te oefen. Gedurende die oorlogsjare het die arbeiders 'n hoë inkomste gehad. Met die oorskakeling na die vredes-produksie is hul inkomste aansienlik verminder. Die stakings het ten doel om die verlaagde lone te herstel en sodoende tred te hou met die hoë lewenskoste.

BRITTANJE

Die gewone man in die Amerikaanse staat is heftig gekant teen die enorme geldlening wat aan Engeland verskaf is. Mense skroom nie om hul afkeuring in 'kleurryke taal uit te spreek nie.

Goedingelike sakemanne sien egter vir Amerika 'n handelsoorwinning oor Engeland in die lening wat aangegaan is. Ons is besig om die Britse Ryk in te sluk, is hul mening.


Dit het vir ons segsman duidelik geword uit talryke gesprekke dat die Amerikaners gedurende die oorlogsjare 'n diepgewortelde antipatie teen die Britte ontwikkel het. Hulle kan die Britte eenvoudig nie verdra nie.

Uit gesprekke met Amerikaanse soldate het ons segsman tot die gevolgtrekking gekom dat die Amerikaners in Rusland 'n groter onheil sien as wat Duitsland ooit was. 'n Kolonel wat so pas uit Duitsland teruggekom het, het verklaar dat die meeste Amerikaanse soldate openlik met die Duitsers simpatiseer, het ons segsman bevestig.

DIE MENS !

(1) SY LIGGAAM:

Sy Strukturele Samestelling; Sy Spiere; Sy Senuwees; Sy Hart, Bloedsomloop, Asemhaling, Spysvertering, Sintuie; Sy Voortplanting en Geslagsorgane word beskryf in:



Menslike Physiologie

deur DR. H. E. BRINK.

DEEL I 21/- posvry; DEEL II, 21/- posvry.

(2) SY EKONOMIESE STRUKTUUR:

Sy Verbruik; Sy Produksie; Sy Kapitaal; Sy Arbeid; Sy Bemaking; Sy Geld en Bankwese, ens., ens., word beskryf in:

Inleiding tot die

Ekonomie

deur PROF. C. G. W. SCHUMANN

en DR. D. G. FRANZSEN

Prys: 20/6 posvry.

(3) SY GESKIEDENIS:

Geskiedenis van

Suid-Afrika

deur DR. S. F. N. GIE

DEEL I 6/6; DEEL II 8/- posvry.

Pro Ecclesia-Boekhandel

POSBUS 29

— STELLENBOSCH

Vra om 'n Gratis Eksemplaar van UIT ONS BOEKERY

Die Landman In Nuwe Klee

Die Landman, wat voorheen bekend gestaan het as Kaapland se Boereweekblad, verskyn tans in 'n nuwe tydskrifformaat as „Kaaplandse landbou- en plattelandse weekblad”.

Die verandering sal ongetwyfeld allerweë verwelkom word. Die blad bevat 'n groot verskeidenheid interessante leesstof wat wissel tussen algemene landbou-aangeleenthede hier en in die buiteland en artikels oor vroue-aangeleenthede en kindersorg. Aan die jeug word trouens ook 'n hoekie afgestaan met onder meer prente-verhale. In kort verskaf dit leesstof wat vir die plattelandse van besondere belang is.

'n Mooi foto van een of ander aangeleentheid beslaan die voorblad, terwyl die blad verder besonder ryk is aan illustrasies.

In sy hoofartikel van die eerste uitgawe beklemtoon die redakteur dat Die Landman aan geen politieke organisasie verbonde is nie, en ook geen partypolitieke rigting propageer nie. Waar dit verskil van die regering se beleid, sal hy in belang van die boer, die platteland en die verbruiker kritiek uitoefen, maar waar die regering goed doen, sal hy dit aanprys.

Die blad stel hom o.a. ten doel om die boer en die produsent hegte saam te snoer ten einde hulle te beskerm teen uitbuiting.

Die Landman word gedruk deur Pro Ecclesia vir die eienaars, Die Landman Beperk, Afdelingsraadgebou, Stellenbosch.

Teken in op Die O.B.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

Enkshoudelike Kennisgewings: (Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25% afslag.

Handelsadvertensies: Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 3d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2½d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing. Sing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskryf weekliks): 10/- per jaar of 5/- per ses maande. Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en intekenings aan:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Postbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

FOUCHE. — Aan Jeugveldkornet en Mev. J. F. Fouché, van Napier, 'n fris, 9½ pond O.B.-seun, op 24 Jan. 1946. Spesiale dank aan Dokter en Suster Gildenhuys.

IN MEMORIAM

COETZER. — Met tere liefde dink ons weer aan Lukas wat ons op 24 Januarie 1945 vooruit gegaan het. Sy plek het leeg gebly. — Pappie, Mammie en familie.

DE JAGER. — 29 Januarie 1945. — O! dag van herinnering en tranes, sterfdag van ons dierbaarste eggenoot en pappie, Hermanus Wilhelm de Jager. Die Heer alleen ken die smart en verlangende skedding sonder vaarwel. — Jou verlangende eggenote Elise en kinders. Slabbertspoort, Willowmore.

STRAUSS. — Een jaar is verby, en nog is dit soos die dag van gister toe ons dierbare Moeder op 16 Jan. 1945 opgeroep is tot hoër diens.

As die nag sy donker sluier
Stadig oor die aarde stu,
Is daar weemoed, liefste Moeder,
In die harte wat verlang na u.

U verlangende kinders: Bokkie en Lettie Strauss.

STRAUSS. — Ter liefdevolle nagedachtenis aan my beminde eggenote en ons dierbare Moeder, wat die Heer behaag het om op 16 Jan. 1945 op te roep tot hoër diens.

Die dood het geskel:
Een jaar is verby,
Maar ons liefde en verlange
Sal steeds voort bly.

Die verlangende vader, M. Strauss en kinders, Skanskilp.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

S.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENTWERKE (EENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MAITLAND
Foon 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

PERSOONLIK

Wil u op aangename en produktiewe wyse u inkomste aanvul deur gebruik te maak van u spaartyd? Skryf om volledige inligting aan: **VRIEND**, Posbus 1411, Kaapstad.

GRYSHARE tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruidbehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU,” Bus 7559, Johannesburg.

MARAGENTSAP. — Deskundige inligting gratis aan pluimveeboere. Stuur alle produkte aan: **COETZEE, JORDAAN en BOJE (EDMS.) BPK.,** Wolhuterstraat 62, Newtown Johannesburg. Foon: 33-8297. Telegramme: Bojemark.

'n PLAASVOORMAN vir gemengde boerdery. Saalry hooftbedryf. Moet hoër en hardwerkend wees en met volk kan werk. Salaries £10 per maand met vry huis ens. en gedeeltelike kosvoorsiening vir getroude man, en £9 per maand vir ongetroude met vry losies. Skryf aan: **M. J. DU TOIT**, De Panne, Moortreessburg.

TE HUUR

'N GEMEUBELEERDE KAMER vir manspersoon. — Weltevredestraat 51, Tulne, Kaapstad.

BENODIG

SEUN met voorliefde vir die buitewerke, as leerling-hulp op besproeiingsplaas. Moet Std. IX behaal het. Goie vooruitsigte vir regte seun. — **G. OOSTHUISEN**, Noudonsies, Aughrables, Kakamas.

'N BLANKE ONGETROUDE VOORMAN vir algemene plaasboerdery. Moet in besit wees van bestuurderslisensie. Tree dadelik in verbinding met **Mnr. SIAAS DU TOIT**, „Wysersdrift”, Goudiniweg.

VAKANSIEPLAAS

VAKANSIE. — Vir genotvolle vakansie, kos volop, ruim kamers, vir paradys vir verloppe, die rusoord vir vermoeders, billike terme. — **Mev. A. BADENHORST**, Vergenoegd, Riversdal.

RADIO

LOUW EN LOUW, die beroemde radio-ingenieurs, Stasieweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannekers. Foon 9.8435.

ELEKTRIESE WAKE

Vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGDEDE raadpleeg **J. A. WOLFAARDT**, Hoofstraat 410, Paarl. Foon 354.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel is kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal £7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Speedige betaling word verseker. Lee sakke word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — **S.A. HUNT BENNEEL-EN KUNSMIS-MAATSKAPPY**, Warrenton.

PLAAS TE KOOP

BEESPLAAS. — 1704 of 1000 morge, 15 myl van Vryburg, 6 myl van Devondalestasie. Eersteklas beesplaas, in katnpe verdeel met waters. Volop bos en goeie lande. Woonhuis, buitegeboue, ens. Skryf aan elenaar: **G. H. VAN NIEKERK**, Posbus 121, Vryburg.

TE KOOP

ANGELIERPLANTJIES. — Pragtige sterk Amerikaanse Boom-Angelierplantjies, 3/6 vir 12, 20/- vir 100, £6-10-0 vir 1000, vir die volgende soorte: Corona, Regina, Snow Storm, Idaho Beauty en Salmon Regina. Bestellings word ook geneem vir later aflewering. — **S. C. STANDER**, Bus 20, Tzaneen.

ANGELIERPLANTJIES. — Rouse Chabaud (Amerikaanse Saad). Aflewering April-November. Gemeng. Vleiskleur, Geel, Skarlakenrooi, 3/6 per dosyn, 15/- vir 100, £6-10-0 vir 1000. Kontant met bestelling. — **SAFARI-BLOMKWEKERY**, Posbus 65, Stellenbosch.

BULLE. — Dunbar Rool Poenskoppe (Red Polls), dubbel-doel, geregistreerde jong bulle van ingevoerde Knepp Solicitor; gehalte beter en pryse laer as ooit tevore.

Besonderhede van: **ENSLIN, P.K.** Gloria, Middelburg, Tvl.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 16/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Wantlemoen 16/-; Blaarsaal 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat 10/-; „Silver King” 12/6. Almal per pond. 2/- duurder op halfponde. Posvry. **K.M.B.** — **PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS**, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

HOUT. — Grofgesaagde S.-Afrikaanse dennenhout: Insignis. Lengtes van ses tot sesien voet. 2 x 3 @ 4d., 1½ x 4½ @ 4½d., 1½ x 6 @ 6d. per lopende voet. Onmiddellike aflewering te George-stasie. Ander mate en lengtes op aanvraag. — **J. F. MEYER**, Blanco.

KAROO-KRAALNIS. — Gemaal met hamermeul, 12 sakke per ton, teen 37/6 per ton, om nie minder as tien ton te neem nie. Kontant met bestelling, gelewer op Middeletonstasie. — **T. C. NEL**, Golden Valley.

LANTON'S NOBLE AARBEI. — Suikersoet groot rooivrug, oorvloedige draer. Sterk gekweekte plante vir Febr.-April planttyd verseker smaaklike betalende vrugte vroeg in die Voorjaar, 3/- per dos., 7/- per 50, 10/6 per 100, £4 10/- per 1.000, posvry. Kontant met bestelling. Voorkom teleurstelling deur u bestelling nou te plaas vir ons beroemde swaardraende **VRUGTEBOME** en bekoorlike **ROSE**. — **HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE**, POSBUS 660, JOHANNESBURG.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tamboetie- en Kiam-Meubels, regstreeks van **ANDRIES MAREE** se Meubelfabriek, teen streng fabriekpryse. — Navrae: **ONS BOERE-MEUBELWINKEL**, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegraaf: „Tamboetie”. Tel. 136.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. — **PETRA-MEUBELS, BPK.**, Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

MEUBELS. — Koop u meubels van **UNIKA MEUBELS (EENS.) BPK.**, en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hooftkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillips-gebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929. Agentskap: Van Riebeck Trust Mpy. Bpk., Globe-Huis, Kerkstraat, Wynberg.

SOUT TE KOOP. — Aandag Brandwagte: A1 59/0; no. 1 54/-; no. 2 49/- per ton, om onmiddellik te laai op Soutpan. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. — **De Beer en De Beer, P.K.** Florisbad Soutwerke.

SOUT. — A1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. **Mev. F. DE BEEK**, Ruspias, P.K. Florisbad.

SOUT. — Aandag Brandwagte. Die O.B.-Soutwerke bied aan: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2 49/- per ton, kosteloos gelaai Soutpan. — **Adres: VENTER en DU PLOOY**, P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner. Spesiale A1 59/-; Sneeuwit No. 1, 54/-; Wit No. 2, 49/- per ton, vry gelaai Soutwerke. — **Adres MEV. MARTIE VENTER**, Possak Arbeidsloon, Bloemfontein.

TREKKER. — Nog verskeie tweedehandse spaardele, in goeie toestand, vir McCormick-Deering 10/20 1930 Standaard Trekker. — **P. A. BOULOGNE**, „Deelpan”, P.K. Bloemfontein.

Skymaster Slaan Rekord

'n Amerikaanse Skymaster-vliegtuig het verlede week 'n vlug oor die Atlantiese Oseaan in die rekord-tyd van 6 uur 58 minute gedoen — 'n afstand van 2,014 myl.

Die Unie-regering het verlede jaar geweier om hierdie vinnige en veilige vliegtuie vir Suid-Afrika se buitelandse diens te gebruik, en het hom aan Britse vliegtuie verpand wat baie ver agter die Amerikaanse produk staan. Weliswaar is drie Skymasters onlangs bestel vir ons binnelandse lugvaart.

VERJAARDAGKETTING

7 FEB.: Antonie Erasmus, Merweville; Adam Swanepoel, Tiervlei; Willem Theron, Aughrables; Dorathea Botha, Goudini; L. Swanepoel, Maribogo; Gert Coetzee, Nababeep; Martinus Buurman, Bethlehem; Maria Boshoff, Philippolis; Cecilia Coetzee, Boshokrand; Jan Heyneke, Hoewal; Martha Roets, Moedwil.

8 FEB.: Mattie Nieuwoudt, Stellenbosch; Ena Laubscher, Noorder-Paarl; Bettie Botha, Somerset-Oos; Burnes van der Mescht, Port Elizabeth; Paul Hendriks, Marquard; Johanna Venter, Bloemfontein.

9 FEB.: Direen Geldenhuys, Parow; Helena le Grange, Beaufort-Wes; Margaretta Reese, Worcester; Marianna Smit, Tiervlei; Philippus van Achterbergh, Orligstad; Leonard Haasbroek, Ganskuil.

10 FEB.: Anna Nortjie, Beaufort-Wes; Francois Victor, Merweville; Marie Visser, Sutherland; Johannes van Eeden, Humansdorp; Barend Joubert, Kirkwood; Benulah Snyman, Beaufort-Wes; C. van Rensburg, Groot-Brakrivier.

11 FEB.: Hendrik Botha, Koedoeskop; Andries Retief, Paarl; Paul Roux, Sulder-Paarl; Marlien Krynauw, Mosselbaai; Petrus Kapp, Port Elizabeth; Carline van Niekerk, Wellington; Hester Steyn, Paarl; Hester van Wyk, Wilgenhoutsdrift.

12 FEB.: Sybrand van Vuuren, Utrecht; Jan Meiring, Utrecht; Michael Meiring, Utrecht; Jacoba Fourie, Lambrechtsdrift; Robert Kanneberg, Woodstock; Isabella van Eeden, Stellenbosch; Anna du Preez, Groot-Mari-co.

13 FEB.: Martinus Erwee, Wesselbron; Willie Esterhuysen, Sutherland; Naomi Mulder, Humansdorp; Joey Barnard, Carnarvon; Rita Theunissen, Carnarvon; Christiaan Weyers, Beaufort-Wes; Magrietha van Staden, Amalia; Daniel van Staden, Amalia; Andries Strydom, Tonash.

W. Voigt (Edms.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en

Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.

G. A. FICHARDT, Bpk.

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut

MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS

Foon 700 Opgerig 1848

BLOEMFONTEIN

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u **PLUIMVEE**,
EIERS en ander **PRODUKTE** aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Beperk
MOREMARK (Posbus 7185) Newtown

ALGEMENE HANDELAAR

en

PRODUKTE-KOPER

S. J. KRYNAUW

vir

Kruideniersware teen

die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer.

H/v. Garcia- en Nuvestraat.

Foon 68 Bus 54

BEAUFORT-WES.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo kombuis- en handwasbakke, baddens, sepietse tenks, pilare, vloertels, voertroe. Enigiets in beton. — Direkteure: **P. W. en P. G. VAN HEERDEN**, Potgieterstraat 258, Pretoria.

WYNE

VYF GELLING Muscadell-llekeur £2 12s. 6d.; anker £3-17-6; 5 gelling Rool of Wit Muscadell, Jeripigo of Beste On Port £2-2-6; anker £3-2-0; 5 gelling Rool Soet Muscadell £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadell £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaarde: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaantjies moet teruggestuur word. — **J. C. JONKER**, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk Stellenbosch vir die elenaars en uitgewers: **VOORSLAG (Edms.) Beperk**, Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

Boerejeug Put Geesdrif By Majuba

Weereens het die Boerejeug die geleentheid te baat geneem om, as 'n simbool van sy taak, sy aktiwiteite van die nuwe jaar in te wy met 'n mees suksesvolle laertrek op hulle eie terrein te Amajuba.

Nieteenstaande die baie moeilike omstandighede het kinders uit alle dele van die land aan die begin van die nuwe jaar, die eerste jaar wat die Boerejeug onder vredesomstandighede kon ingaan, na Amajuba gekom om daar nuwe geesdrif te put.

Die geleentheid is dan ook te baat geneem om alle offisiere wat teenwoordig was, gedurende die eerste paar dae intensiewe opleiding vir die taak wat hulle moes gaan voortsit, te gee.

Paslik was dan ook dat aan die begin van die offisierslaer hulde gebring is aan wyle hoofkommandant A. P. van Heerden wat alles opgeoffer het om Amajuba so bes moontlik ten bate van die Boerejeug in te rig.

Met die aankoms van die gewone lede op 3 Januarie, was elke offisier dan ook gereed om die kennis wat hy gedurende die eerste paar dae opgedoen het, self aan die laergangers oor te dra. Ook het die offisiere wat gedurende die tweede gedeelte van die laer as stafoffisiere moes waarneem, getoon dat hulle wel deeglik die voorlig-

ting wat hulle ontvang het, ter harte geneem het.

BIDDAG GEHOU

'n Glanspunt in die laerprogram was die deskundige opleiding wat in die swemkuns en lewensredding aan elke laerganger gegee is. So suksesvol was hierdie eerste poging dat dit sekerlik 'n vaste item op die program van elke laer sal word.

As verteenwoordigers van die jeug oor die lengte en breedte van ons Vaderland, het die laergangers dan ook op Woensdag, 9 Januarie, hulle eerbiediglik voor hulle Vader verootmoedig en Sy uitkoms en genade vir 'n dorstige land en volk gevra.

Behalwe die deeglike oefening van o.a. parades, vlagseremonies, laer-organisatie, het die dogters die geleentheid gehad om opleiding in die vervaardiging van lapspeelgoed en in kookkuns te geniet. Terwyl die dogters in die laerkombuis besig was, het die seuns spesiale opleiding in o.a. veldwerk ontvang. Gesamentlik het die seuns en dogters ook hulle deel bygedra om Amajuba te verfraai deur praktiese landsdiens te doen en akkerbome aan te plant.

So het die Boerejeug dan, onder die kruin van Amajuba, waarop die O.B.-vlag elke dag gewapper het, nog 'n bladsy in sy eie geskiedenisboek in diens van God, Volk en Vaderland geskryf.

Boerejeuglaertrek Boesmansriviermond

11 TOT 20 DES. 1945

Om die einde van nog 'n suksesvolle jaar af te sluit het die Boerejeug van Gebied B gedurende die Desember-skoolvakansie die kans waargeneem om hulle eerste opleidingslaer te hou.

Die feit dat die Gebied geweldig deur die aanhoudende droogte geteister was, het nogtans nie aan die entoesiasme van die Boerejeug skade gedoen nie, want uit alle dele het hulle na die laertrek te Boesmansriviermond gekom.

Nieteenstaande die feit dat talle van laergangers nog nooit van te vore 'n laer bygewoon het nie, het alle lede teenwoordig hulle so gou by die laergees aangepas, dat dit reeds in die begin duidelik was dat die laer 'n groot sukses gaan wees. Die hoop was dan ook nie beskaamd nie, want gou is belangstelling in alle aktiwiteite en opleiding geopenbaar.

Weens die besondere aard van die laertrek, was baie deeglike onderrig nodig, maar die feit dat laergangers baie aandagtig moes luister en oplet, het eensins afbreuk aan die belangstelling gedoen nie. Intendeel. Toe die belangstelling van die laergangers eers in die organisasie en aktiwiteite van die Boerejeug gaande gemaak is, moes daar vinnig gewerk word om aan al die versoeke om meer inligting, te voldoen.

Die opleiding in organisasie, parades, laerkuns, ens. wat gedurende die dag gegee is, is in die aand aangevul met nagtogte, skynaanvalle en ander veldwerk. Sels die kleinste

was nie meer vir die donkerte bang nie.

Die laergangers het ook die geleentheid gehad om 'n heel aantal besoekers op 18 Desember by die plegtige viering van Dingsaansdag, by watter geleentheid Hoofgeneraal J. Vorster die woord gevoer het, in die laer te verwelkom.

Wat die laer seker die aangenaamste gemaak het, was die daaglikse ontspanning wat die laergangers in die vorm van spele, swem en roei op die eilande van die Boesmansrivier of in die see kon geniet het. Maar die swem was nie te vergelyk met die mees interessante geselsies oor die lewe in die interneringskampe wat elke aand om die kampvuur deur genl. Vorster gelewer was nie.

Besiel met nuwe moed en vol van jong gedagtes het elke laerganger mekaar op die laaste dag seën op die werk van die nuwe jaar toegewens.

PARLEMENTÊRE

KLUG

Die wantroue-mosie wat die afgelope week in die parlement gedien het, het verlede Dinsdag ten einde geloop toe dit verwerp is met 83 teen 43 stemme. Soos altyd was die uitslag natuurlik vooraf 'n uitgemaakte saak omdat geen lid van enige party dit ooit durf waag om teen sy koukusbevel en partyeet te stem nie.

Net soos die grootste deel van die parlementêre debatte is so 'n mosie eintlik maar 'n middel om propaganda te maak.

Hoop vir Sommiges 'n Jaar Ná Vrede

'n Aantal geïnterneerdes waaronder Unie-burgers teen wie die regering geen definitiewe aanklag het nie, sal binnekort op vrye voet gestel word, het die Minister van Justisie verlede week verklaar.

Onder hierdie groep val 'n aantal Duitsers wat na die mening van die regering niks gedoen het en wat as onskadelik beskou kan word. Hulle het die slagoffers van die kampe geword bloot omdat hulle Duitsers is.

Ook die persone wie se gesondheid veel te wense oorlaat, sal ontslaan word.

Daar is op die oomblik twee gebore en 57 genaturaliseerde Unie-onderdane in die interneringskampe van wie sommige al van die begin van die oorlog in die kampe sit.

Alle Italiane wat nog in die kampe verkeer en wat reg op verblyf in die Unie het, sal ook losgelaat word as dit blyk dat hulle nie gevaarlik is nie. Daar word nou 'n ondersoek ingestel deur 'n Regeringskommissie.

Eykans 'n jaar na die oorgawe van Duitsland is dit die regering se weloorwoë mening dat hierdie onskuldige manne en kranks nie meer die lewe van die staat bedreig nie.

DOGTERTJIE VAN DS. VAN DER MERWE OORLEDE

VRYBURG.—Op Oujaarsdag-aand het 'n tragiese gebeurtenis plaasgevind op die plaas Middelrand aan die huis van genl. G. de Beer van Vryburg.

Terwyl ds. Danie van der Merwe, van die Gereformeerde Kerk, en ouderling op huisbesoek was, het mev. Van der Merwe met die kindertjies by mev. De Beer agtergebly. Die aand is die kindertjies gereed gemaak om na bed te gaan en terwyl die bediende met die 3-jarige dogtertjie Rika besig was is mev. Van der Merwe en mev. De Beer vir 'n paar minute na buite. By hulle terugkeer het hulle Rika hoor gil en toe hulle die badkamer bereik vind hulle Rika met haar slaapprokkie aan brand. Die vlamme is dadelik geblus, maar die kleintjies was reeds vir die grootste gedeelte uitgebrand. Sy is na die hospitaal op Vryburg vervoer waar sy om 3.30 Nuwejaarsmôre beswyk het.

Die gemeente en samelewing van Vryburg was diep geskok deur die plotselinge tragedie en die Ossewabrandwag van Vryburg betuig hulle innige deelname met die beproefde ouers.

Ds. Van der Merwe is 'n oudgeïnterneerde en was voorheen hoofkommandant van die O.B. op Petrusburg, O.V.S. —(Ingestuur.)

Duurder Staal Weens Staking

'n Dooie punt is bereik in die onderhandelings om die staking in die staalbedryf, waarin 925,000 werkers betrokke is, op te los. Geen ooreenkoms is bereik nie.

In Detroit het 175,000 werkers van General Motors geweier om die loonsverhoging van 13½ persent aan te neem. Hierdie manne sit al tien weke by hulle werk sonder om iets te doen. Hulle vroeëre eis was 30 persent loonsverhoging maar hulle het later besluit om 19½ persent te aanvaar. Toe dit aan hulle geweier is, het hulle besluit om hulle by die eerste eis te bepaal. Die staking duur voort sonder dat 'n oplossing bereik is.

Pres. Truman het gesê die staat sal die staalbedryf nie oorneem nie, maar sodra sekere statistieke ontvang is, sal die prys van staal verhoog word.

As gevolg van die staaltekort en gebrek aan onderdele, staan die motorbedryf feitlik stil.

Inmiddels het 3,500 sleepbootwerkers besluit om te staak omdat aan hulle eise nie voldoen is nie. Aangesien die staking deurgevoer is, is die hele hawe van New York lamgêl.

Die manne verlang hoër lone en beter werkkure.

BRITTE SLYP TANDE VIR UNIE-HANDEL

Uit 'n verslag wat vrygestel is deur die Britse Departement van oorsese handel, blyk dat die handelsposisie van die Unie veelbelovend is vir die onmiddellike na-oorlogse jare. Ons beskik oor 'n opgehoorte koopkrag en sal in staat wees om die lang gevoelde behoefte aan noodsaaklike goedere te kan aanvul.

„Die algemene oorlogtydse verloop van die Unie se handel kan sonder statistieke gevolg word. Goud het sy verkoops waarde in die wêreld behou en die opbrengs het konstant gebly,” lui die verslag, na Sapa berig.

Volgens die verslag lewer die uitvoer van vrugte moeilikheid op omdat daar nie altyd skeepsruimte voor afgestaan word nie. Die vrugte word egter vir die inmaakbedryf verwerk.

Die vraag na Suid-Afrikaanse brandewyn het die aanbod gerypte voorrade oortref. Ook was daar 'n besondere groot

vraag vir ons steenkool.

Die handel van die Unie met Swede het vinnig toegeneem, skryf die korrespondent van Cape Argus uit Londen. Skeeps-ladings lermoene is verwelkom terwyl Suid-Afrikaanse soet wyn besonder populêr onder die bevolking is.

Van Swede het ons op ons beurt papier en hout ingevoer. Die skeepsruimte werk egter nog stremmend op die ontwikkeling van die handel tussen die Unie en Skandinawië.

IMMIGRASIE VAN KINDERS

'n Skema waarvolgens 1,000 Engelse en Geallieerde weeskinders na Suid-Afrika gestuur sal word om aangeneem te word deur Suid-Afrikaanse ouers, is in beginsel deur die regering goedgekeur.

Die kinders wat gestuur sal word, sal hoofsaaklik tussen twee en sewe jaar oud wees. Om families nie te verbreek nie, sal broers en susters saamgestuur word, selfs tot 10 jaar.

Kongres Nie Haastig Met Lening

Die Amerikaanse Kongres is tans besig om die lening aan Brittanje te bespreek. President Truman het 'n beroep op die kongres gedoen om die lening toe te staan en die besprekings te bespoedig omdat Brittanje krediet besonder nodig het. In weerwil van sy beroep word verwag dat daar lank en sorgvuldig op die wetsontwerp gebroei sal word aler dit toegestaan word. Die blad Times skryf in 'n hoofartikel dat by die bespreking van die lening nie gelet sal word op die voordeel wat Brittanje daar uit sal kry nie, maar hoe dit Amerika sal beïnvloed.

Die blad gaan voort deur daarop te wys dat Engeland bang is dat die stelsel van mededingende handel nie meer sal deug nie, en vrees daarom die beleid van die V.S.A.

Geen Beslissing oor Voogdyskap

Die onderkomitee van die Verenigde Volke-organisasie het aangekondig dat hy nie daarin geslaag het om tot 'n bepaalde besluit te kom wat die toekoms van die Mandaat- en ander gebiede sal wees nie en dat die vraagstuk moet oorsaan tot die volgende sitting van die Verenigde Volke-organisasie wat later in die jaar in die V.S.A. gehou sal word.

Die besprekings op die vergadering is baie vertraag omdat daar 'n uiteenlopende meningsverskil bestaan wat met die voogdyskap van hierdie lande gemaak moet word. Suid-Afrika wou nie toestemming verleen dat Suidwes onder internasionale voogdyskap geplaas word nie, maar het gepleit vir inlywing van Suidwes by die Unie.

Kom U? U Seun? U Dogter?

na die Universiteit van Stellenbosch? Wil u lid wees van die Stellenbosse Kommando's? Vul dan onderstaande vorm in en stuur dit dadelik aan Dr. P. J. Coertze, Universiteitsoord, Stellenbosch.

Van

Name

Plek van Herkoms

Lid van watter Kommando (indien reeds lid)

Watter Rang (indien enige)

Losiesadres op Stellenbosch

8 Miljoen Hoenders Word Uitgeroei Weens Voertekort

As gevolg van die enorme tekort aan hoenderdervoer sal hoenderboere gedurende die eerskomende paar maande ongeveer 8,000,000 hoenders uit hulle troppe moet slag om hulle van 'n hongerdood te red.

Op die vergadering van die Kaaplandse Vereniging van Pluimveeboere verlede week, het aan die lig gekom dat die Unie nog net hoenderdervoer het vir drie maande. Daarna sal die rantsoen sterk afneem.

Groot troppe sal op aanbeveling van die regering tot 2,000 verminder moet word, terwyl kleinboere maar met die ou troppe moet voortgaan om die boerdery betalend te maak.

Die roekelose uitvoerbeleid van die regering eis dus nou ook

nog sy diwidend in 'n verdere noodgedwonge uitdunning van die Unie se lewende hawe.

UNIE SE GROOT SKULDELAS

Die jongste jaarverslag van die Kontroleur- en Ouditeur-generaal dui daarop dat die skuld van die Unie gedurende die afgelope boekjaar met £65,473,714 toegeneem het. Die Kontroleur en Ouditeur-generaal het dit nodig gevind om te verwys na die reeks onreëlmatighede, nie winsgewende uitgawes en vertrags wat voorgekom het.

Gedurende 1944-'45 is die bruto staatskuld £540,127,891 waarvan £521,968,086 binnelandse en £18,159,805 buitelandse skuld is. Die toevoeging tot die oorlogsrekening was £140,932,816.

Op die totale las moes die Unie £16,617,808 aan rente betaal, gereken teen 'n koers van 3.077 persent.

A.V.B.O.B Lykbesorgers, Grafsteenmakers Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

MEUBELS PRYSE STYG VINNIG

KOOP NOU!

Ons hou alleenlik goeie kwaliteit Meubels in voorraad

Werda
Meubelhandelaars,
(EIENDOMS) BEPERK
Groote Kerkgebou — Kaapstad

Vir Deftige Tabberds Twee-stuk Rokke en Somerhoede

Kom seker eers na

Steyns

DIE DAMES-WINKEL PAROW

5 PERSENT

Belê u Gelde waar dit veilig is!
SPOORBONDKAS BEPERK

Bied aan winsgewende

Beleggings teen die

HOOGSTE RENTEKOERS

Beleggings word gewaarborg

en verdien die volgende Rentes:

Vaste Deposito vir 1 jaar:	3 %
" " " " " "	3½ %
" " " " " "	4 %
" " " " " "	4½ %
" " " " " "	5 %

Doen aansoek by:—

Postbus 8289, JOHANNESBURG.

Postbus 1560, KAAPSTAD.

Postbus 118, BLOEMFONTEIN.

SCHOEMANELLO DRANK

Vir Kwaliteit en Tevredenheid die Goedkoopste

KOOP
DIREK TEEN
GROOT-
HANDELS-
PRYSE

WYNE:	Per Botel van 1 tot 12 in 12-bottel-kissies	Per sell. in vaatluis van 6 sell. of meer
Fonkelwyn	7/-	—
Lewenswyn	3/9	—
Vermouth	3/-	—
Hanekraai — Cocktail ..	4/-	—

SOET WYNE:		
Likeurwyn en Ou Port ..	2/6	11/-
Ou Wit Port en Sauterne	2/6	—
Port, Rooi Soet Muskadel,		
Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Jeripigo, Rooi en Wit ..	1/9	8/6
Worcester Hock en Pontak	1/7	7/6

SJERRIES:		
Amontellado (Droë), Kimberley		
Klub (Droë) Ou Bruin (Soet-terig), Ou Oloroso (Soet) ..	2/9	—
Goue (Soet)	2/6	10/-
Spesiale (Soet-terig)	1/6	7/3
Sjerrie (Soet-terig)	1/5	6/9

DROË WYNE:		
Burgundy	1/9	—
Claret en Wit Droë	1/6	—

BRANDEWYNE:		
Super de Luxe	8/6	—
De Luxe	7/6	39/-
Ekstra Spesiaal	7/-	37/-
F.C.	8/6	36/-
Buchu	7/6	—

JENEWER	7/8	—
---------------	-----	---

LIKEURS:		
Creme de Cacao	7/6	—
Goue Manderin, Curacao,		
Kummel, Piesang, Persake,		
Appelkoes	7/-	—
Nachtjies	6/6	—
Kersie, Anys, Gemmer,		
Lemoen, Van der Hum,		
Peperment	6/6	34/-

JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen en Saurlemoen	7/8	—

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kisse en bottels, en 18/- vir vaatluis wat vergoed sal word by terugsending. Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gelling-vaatluis of groter. U kisse van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. — Terme: K.M.B. plus treingeld na alyne. K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van
JURGENS SCHOEMAN,
POSBUS 142, OUDTSHOORN

H.P.-LEIDING BOTS MET VERKIESINGSPRAKTYK

Ervaring In Caledon

Die tussenverkiesing in Caledon onderwerp die leiding van dr. D. F. Malan en die lojaliteit van sy volgelinge aan 'n kwaai toets.

Die onversoenlike botsing tussen dr. Malan se leiding en die nughtere eise van die verkiesingspraktyk saboteer die H.N.P. se eleksie-masjien sodanig dat 'n onrustige vrees in die party se eie geleedere begin versprei dat dr. Malan die Party onherstelbaar beskadig het.

Dit is die gevolgtrekking van iemand wat goed bekend is met die Caledonse kiesafdeling.

Die leiding wat dr. Malan en sy onderleiers op hul volgelinge afdwing, aldus ons segsman, behels bittere vyandskap teen die O.B.; trouens, die leiding verbied beslis enige samewerking hoegenaamd met die O.B. of met enige ander Afrikanerorganisasie of -groep.

In teenstelling met hierdie neergelegde isolasie-beleid kom die H.N.P. voor die nughtere praktyk te staan wat bepaal dat hulle die samewerking en steun van alle Afrikaners nodig het indien hulle maar enigins hulle aanspraak om die „enigste alternatiewe“ regering te wees by die stembus wil regverdig.

DIE TOETS

Hierin is juis die toets vir dr. Malan se leiding geleë. Indien dr. Malan aanhou om samewerking met mede-Afrikaners te verbied, en sodoende die party van al sy vriende te isoleer, ontstaan die vraag pertinent of dr. Malan enige hoop het om ooit sy party na oorwinning te lei. Onder sulke omstandighede moet die herinnering aan wyle genl. Hertzog se woorde, dat die H.N.P. onder sy huidige leiding altyd doelloos in die woestyn sal rondloop, vir H.N.P.-lede baie pynlik wees.

In Caledon moet die H.N.P.-kandidaat en sy agente, aan die een kant, in uitvoering van die neergelegde beleid van hul party, die O.B. as vyandigesinde organisasie behandel en moet hulle derhalwe enige sweem van ampdelike samewerking met die O.B. sorgvuldig vermy.

Aan die ander kant moet die kandidaat en sy agente darem probeer om die O.B.-lede se stemme te „vang“. Volgens hul eie getuigenis sal die kandidaat 'n hopelose figuur slaan daarsonder. Selfs met O.B.-hulp sal die stryd maar opdraend wees.

TEENSTRYDIG

In hierdie teenstrydige en onhoudbare posisie bevind die H.N.P.-kandidaat en sy agente hulle in Caledon. Maar dis trouens ook die posisie waarin die H.N.P. oor die hele land hom bevind. Diegene wat dr. Malan by die deur uitskop, moet sy kandidaat en agente weer probeer indra vir stemoedeindes.

Terwyl dr. Malan in die parlement spog hoedat hy die O.B. in die Paarl verkla het by die Empire, moet sy kandidaat en agente O.B.-stemme in Caledon werwe!

Gevra oor wat die houding van O.B.-lede in Caledon is ten opsigte van die verkiesing, het ons segsman gesê dat O.B.-lede in Caledon voel dat die beslissende beginsel van volksamewerking op die spel is en dat hulle, as lede van 'n volksbeweging, onder geen omstandighede steun of stemme kan gee aan 'n beleid wat op

volks-verwydering gemik is nie.

NA KEEROMSTRAAT

O.B.-lede herinner aan die herhaalde aanbiedings van hul leiding tot samewerking met alle Afrikaner-groepe en -organisasies, maar dat hulle nog vergeefs wag op dr. Malan en sy onderleiers om van daardie bereidwilligheid gebruik te maak.

In die lig hiervan is O.B.-lede se houding dat die kandidaat en sy agente nie vir hulle om hul steun moet kom vra nie, maar dat die stemwerwers Keeromstraat moet beweeg tot samewerking met hul mede-Afrikaners. Indien dit gebeur, sal O.B.-lede self hul stem gaan uitbring sonder dat enigiemand hulle daarom moet kom vra.

Die heersende gevoel van O.B.-lede is, volgens ons segsman, dat die H.N.P., solank hy aanhou om homself te verswak deur alle moontlike vriende of uit te skop of weg te skinder, nooit in staat sal wees om die Smuts-regering te verslaan nie. Solank die H.N.P. bly volhard in sy houding om alleen te veg en alle aangebode hulp te weier, solank sal hy 'n stomp en nuttelose wapen bly.

OU VYANDSKAP

O.B.-lede in Caledon neem 'n afsydige houding met die tussenverkiesing in. Hulle voel dat dit nie 'n allesomvattende stryd teen veldm. Smuts en sy nasionale bewind verteenwoordig nie. Hulle beskou dit nie as 'n kragmeting tussen diegene wat tevrede is met die Smuts-bestuur en diegene wat ontevrede is oor die Smuts-wanbestuur nie. Dit is, eerstens en laastens, 'n enge partystryd tussen die ou garde van die Verenigde Party en die ou garde van die Herenigde Party.

Die tussenverkiesing laat 'n ou en heillose partyvete weer opvlam, tussen, enersyds die verbitterde en diep verbolge H.N.P.-mense onder 'n kandidaat wat al ses of sewe keer die bal by verkiesingsgeleenthede mis geslaan het, en andersyds die tergende V.P.-mense, wat leedvermaak skep uit die stapel nederlae van hul teenstanders.

VYANDIG

In sover dit dan 'n blote partyetwis is, koester O.B.-lede nie veel belangstelling nie. Hulle verkeer sterk onder die indruk dat albei partye die vernietiging van die O.B. nastrewe. Sowel die H.N.P.-kandidaat as die agente wat die hoofkantoor van die party na Caledon gestuur het om hom te help, is bekend vir hul volgehoue vyandskap teen die O.B. Om van die V.P. nie eers te praat nie.

O.B.-lede wag op die dag, wat nou baie naby skyn te wees, wanneer 'n Volksfront alle Afrikaners, individue, groepe en organisasies, sal saambind om 'n magtige offensief te loods teen die huidige bewind en die chaos waarin dit die land dompel.

„BREUK DUUR VOORT“

Dr. T. E. Dönges, H.N.P.-lid vir Fauresmith, het verlede week in Engels, en dus tot die Engelse kieserspubliek, die volgende verklaring betreffende die Ossewabrandwag in die parlement geëen:

„In 1941 toe Duitsland op die golwe van oorwinning gery het, het die Nasionale Party met die Ossewabrandwag gebreek omdat die Nasionale Party nie bereid was om nasionaal-sosialisme te omhels nie, en daardie breuk duur vandag voort om dieselfde rede.“

Poging om O.B. Te Verruil Vir Engelse Steun?

In die repliek op sy wantroue-mosie in die parlement het dr. D. F. Malan, volgens verslag in Die Burger, hom as volg oor die Ossewabrandwag uitgelat:

„Die beskuldiging is ook teen die Nasionale Party ingebring dat hy 'n nasionaal-sosialistiese standpunt ingeneem het. Dr. Malan het aangetoon dat dit juis oor hierdie saak was dat daar onenigheid tussen die Nasionale Party, die O.B. en adv. Pirow gekom het omdat laasgenoemde twee die nasionaal-sosialisme omhels het. Dit is 'n daad van politieke oneerlikheid om die Nasionale Party van nasionaal-sosialisme te beskuldig.“

In O.B.-kringe het hierdie uitlating van die H.N.P.-leier groot verbasing uitgelok. Hulle herinner daaraan dat die voorwendsel wat dr. Malan in 1941 aangegee het vir sy aanval op die Ossewabrandwag, die publisering deur die O.B. was van 'n republikeinse konsepgrondwet. Dr. Malan het op Stellenbosch 'n ultimatum aan die O.B. gerig om die omsendbrief waarin daardie grondwet vervat was, te herroep — nie omdat dit nasionaal-sosialisties was nie,

is dat hulle nou liever aanleun op die Engelse kieserspubliek wie se stemme hulle probeer wen deur hulleself voor te doen as die binnelandse strydters teen die nasionaal-sosialisme. En dit probeer hulle te bereik deur die O.B. 'n etiket van nasionaal-sosialisme aan te hang en dan van hom af weg te vlug.


Dr. Dönges se Engelse toespraak in dieselfde trant, verleen ongetwyfeld krag aan hierdie vertolking, asook die ontkenning van H.N.P.-kant in die parlement dat die Party die oorlogspoging gedwarsboom het.

„Het Oorlog Nie Gedwarsboom“

Die volgende bespreking het, volgens verslag in Die Burger, verlede week in die parlement plaasgevind tydens die wantrouemosie-debat:

Min. CONROY: Ek trek terug. Wat ek bedoel, is dat dr. Malan in die publiek gesê het

Skynvriendskap Tussen Grotes



Visjinski (regs) Russiese afgevaardigde na die Verenigde Volke-organisasie, groet James Byrnes van Amerika met 'n oormant van vriendelikeheid. Kort daarna het Visjinski tydens 'n woordewisseling met Bevin (Engeland) in die Veiligheidsraad, volgens 'n Sapa-berig, woes met sy vuiste op die tafel geslaan, sy potlood in die lug rondgeswaai en met 'n rooi gesig sy argumente uitgeskreuen.

Werkkolonie Vir Eerste Oortreders

'n Wetsontwerp waardeur eerste oortreders na arbeidskolonies i.p.v. na die gevangenis gestuur kan word, is deur min. Lawrence in die parlement ingedien.

Kragtens hierdie wet sal alle bedelaars en persone wat as gevolg van hulle wangedrag nie in staat is om hulle en hulle families te onderhou nie, gevonniss word. Die hof verkry die reg om beskuldigdes deur psigiaters te laat ondersoek. As die magistratuur van oortuiging is dat beskuldigdes onder hierdie wet val, word hy na 'n werkkolonie gestuur om homself te verbeter.

Teiken in op Die O.B.

maar omdat dr. Malan daarop aanspraak gemaak het dat dit hom toekom en dus slegs deur hom gepropageer kon word.

Hy het die Ossewabrandwag beskuldig van betreding van die party se terrein.

As die stryd dus in 1941 oor nasionaal-sosialisme ontstaan het, d.w.s. as die konsepgrondwet nasionaal-sosialisties was, so word geredeneer, dan het die stryd gegaan oor dr. Malan se aanspraak op die alleereg van daardie nasionaal-sosialisme.

Die feit dat dr. Malan nou in 1946 die veronderstelde inhoud van die O.B.-strewes aanwys as die bron van twis terwyl dit inderdaad gegaan het oor die kopiëreg van sekere beleidsbeginsels, word allerweë vertolk as 'n bevestiging van die vermoede dat sekere H.N.P.-leiers, onder wie dr. Malan, so verbittert teen die Ossewabrandwag

dat hy vir Hitler gevra het wat ter soort regering hy wil hê.

Dr. D. F. MALAN: Op 'n punt van orde. Die Minister beweer iets wat ek nie gedoen het nie.

Die SPEAKER: Dan moet die Minister dit aanneem.

Min. CONROY: Ek sal dit aanneem, maar dit is bekend by die publiek.

Mnr. P. O. SAUER: Op 'n punt van orde. Die Minister moet onvoorwaardelik terugtrek. Hy het dit nie gedoen nie.

Die SPEAKER: Ek wil die Minister vra om dit onvoorwaardelik terug te trek.

Min. CONROY: Goed ek sal dit doen. Die Opposisie het die oorlogspoging gedwarsboom.

Kapt. G. H. F. Strydom het op 'n punt van orde ontken dat dit die geval is.

(Kapt. Strydom is die H.N.P.-lid vir Aliwal.)